Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 7 MEI 2010

"For he's a jolly good fellow, for he's a jolly good fellow……., and so say all of us, and so say all of us"!!!!!
Hiermee wil ons net baie welkom aan ons prinsipaal, mnr. F.A. Nel, sê wat op 3 Mei 2010 as prinsipaal by J.F. begin het.
Ons is baie dankbaar dat u, u weg oopgesien het, om na ons skool toe te kom. Sterkte met u groot taak.

BELANGRIKE DATUMS

- Oupa- en Oumakonsert (Aspoestertjie) vir ons ouers:
  Datum: Dinsdag 11 Mei
  Tye: 17:30 tot 18:30 en 19:00 tot 20:00.
  Plek: Skoolsaal.
  Koste: R10,00 per persoon.

- **14 Mei:** Oupa- en Oumadag.
  Tyd: 10:00 in die skoolsaal.
  Koste: R25,00 – sluit verversings in.

- **5 Junie:** Damestee.
  Tyd: 09:00 vir 09:30.
  Plek: Skoolsaal
  Koste: R100,00 p.p.
  Vir enige verdere inligting skakel asseblief die kantoor by 051 5225951.

VOORTREKKERS
Die inlywingsfunksie vir die Voortrekkers verskuif vanaf 18 Mei na 25 Mei om 18:00. Teken asseblief hierdie datum in u dagboek aan. Ons wil graag al die Voortrekkers en hulle ouers by die funksie ontvang.

WINTERSDRAG
Vanaf Maandag, 3 Mei 2010, was dit vir alle leerders verpligtend om hul wintersdrag aan te trek. Ons doen 'n beroep op u as ouers om ons asseblief in hierdie verband te help.

Volledige wintersdrag is die volgende:

- Vir ons dogters - 'n wit langmou-hemp met das, groen "bobby socks" of lang swart kouse, 'n keuse van skoolrok of langbroek. 'n Skooltrui, windjak, **NUWE SWEETPAKBAADJIE of 'n kleurbaadjie** rond die skooldrag af.
- Vir ons seuns - 'n grys langmou-hemp, grys langbroek, das, groen skooltrui, windjak of **NUWE SPEETPAKBAADJIE of kleurbaadjie,** skoene en kouse.
- Sweetpak – Maandae en Woensdae

RUGBY- EN NETBALWEDSTRYDE :
12 MEI 2010
Ons volgende rugby- en netbalwedstryde vind op 12 Mei 2010 op ons velde plaas.
Sterkte aan al die spanne met hulle afrigters.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

BIATHLE

Frans en Rika Marx is gekies vir die Vrystaatspan wat in Augustus in Germiston aan die SA's gaan deelneem. Baie geluk en sterkte met die voorbereiding. Ons is trots op julle.

POLISIEBEWUSMAKINGSDAG :
GR. 6 PROJEK

Baie dankie aan mnr. Dries Welthagen, die skool se "polisieman", vir die lekker skaterlag tydens hulle hondevertoning. Die reëlings was puik en elke leerder het dit baie geniet. Aan die dapperes naamlik, mnr. Derik, mnr. Ferry, juf. Carina en Themba wat deur die honde platgetrek is – wow. (Vat hom Fluffy).

MEDIASENTRUM

Hiermee vra ons dat leerders wat boeke by die Mediasentrum uitneem, verantwoordelikheid moet aanvaar om hierdie boeke binne sewe dae terug te besorg. Indien boeke laat teruggebring word, word 'n boete van R1,00 per boek per dag gehef. Ons vra ons ouers om asseblief toe te sien dat hulle kinders betyds die boeke terugbring.

GRAAD 6 PROJEK

Baie dankie aan elke ouer en leerder wat reeds hulle R313,00 vir ons klasprojek inbetaal het. Julle is sterre!!! Ons het skaars met hierdie projek begin en het reeds die mooi bedrag van R7000,00 ingesamel. Graad 6 Bestuur.

ST MICHAELS MUSIEKFEES

Van ons klavier- en blokfluitleerders het hierdie week tydens die St. Michaels Musiekfees deelgeneem en hulle goed van hulle taak gekwyt. Baie dankie vir harde werk. Die Junior- en Seniorkoor tree vanaand by Grey Kollege op.

Ons is trots op elke leerder vir sy of haar deelname en ons glo dat julle die skool se naam hoog sal hou.

Baie dankie aan die musiekpersoneel vir u tyd en aandag wat aan hierdie leerders gegee word.

'N GROOT DANKIE AAN..... die volgende persone/instansies.

1. Johan en Belinda van Mayo Lodge gastehuis wat teen 'n nominale bedrag vir mnr. F.A. Nel (prinsipaal) huisves.
Duisend dankies vir die spesiale moeite wat julle vir hom doen. Die skool waardeer dit opreg.

MAYO LODGE
JOU EENSTOP GASTEHUIS

Belinda: 082 370 9133
Johan: 082 773 2946
Lodge: 051 522 1098
Fax: 088 051 522 1098
Email: info@mayolodge.co.za

www.mayolodge.co.za

2. Mnr. Mark Diesel van ITEC vir u groot borg om vir ons 0/13 rugbytruie te laat maak. Ons sien baie daarna uit om ons seuns in die nuwe truie in aksie te sien. U ondersteuning word opreg waardeer.

MARK DIESEL
ITEC
Sales Manager
Cell: +27 73 203 3064
E-mail: markdiesel@itec-bloem.co.za

3. Primêre skool Jim Fouche se rugbyafrigters wil hiermee vir Mnr. Brian Robinson en sy span van St. Johns Ambulans, bedank vir u flinke optrede met beserings tydens ons rugbywedstryde. Julle doen goeie werk.

OPPEKAS VERTONING

Die Graad 4 en 5 personeel bedank een en almal wat so hard gewerk het om van die Doxa Deo Poppevertoning so 'n groot sukses te maak. Oud en jonk het dit baie geniet. Die bedrag van ± R5000,00 is ingesamel.

ONS IS DRINGEND OP SOEK NA DIE VOLGENDE:

Indien enige iemand 'n stoof het wat nog in 'n werkende toestand is, en wat u nie weet wat om daarmee te doen nie, kontak asseblief die skool by 051-5225951.

SKAAKLIGA

Die volgende uitslae word vir u deurgegee:
Junior Skaakspan wen Sentraal 6-0.
Senior Skaakspan wen Pres. Brand 8-0.
Baie geluk aan hierdie twee spanne.
Die volgende spelers neem deel aan die kampioenskappe by Primêre Skool Willem Postma:
Schalk Burger, Marizé Burger, Vian du Toit en Chelisa Raath.
Danie en Chris Klinck is gekies vir die Vrystaatspan wat aan die Interprovinsiale Kampioenskappe op 15 Mei in Rustenburg gaan deelneem. Baie geluk met puik prestasies.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.
☎ 051-522 5951
051-522 7031
🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za
www.psjf.co.za